Gesamentlike MIV-verklaring van Vigstaakgroep in Wes-Kaap

Die Calvyns Protestante Kerk van Suid-Afrika, Nederduitse Gereformeerde Kerk (Wes-Kaap) en Verenigende Gereformeerde Kerk (Kaapland) wil, in die voetspore van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here, sy roeping en betrokkenheid t.o.v. die MIV-epidemie op 'n priesterlike, koninklike en profetiese wyse vervul. In gehoorsaamheid aan ons Heer, die Hoof van die Kerk, sal ons Hom volg waar Hy ons ookal lei om verantwoordelik en met deernis op MIV en Vigs te reageer.

1. Ons erken en bely:
    - dat ons, die kerk, die liggaam van Christus, ook met MIV leef;
    - dat onkunde, vooroordeel en ontkenning nog in baie lidmate se harte leef;
    - dat ons nie altyd die vernietigende effek wat die MIV-epidemie op ons gemeenskappe, gemeentes, gesinne en lidmate het, deur God se oë raaksien nie;
    - dat ons nie genoegsaam God se liefde teenoor mense wat met die werklikhede van MIV saamleef, uitleef nie.

2. Ons wil liefde en deernis betoon aan alle mense wat met die werklikhede van MIV saamleef. Ons wil dit doen deur:
    - begeleiding en ondersteuning te bied aan elkeen wat hartseer en pyn beleef, veral ook aan almal wat deur die kerk en breër samelewing verwerp of alleen gelaat is;
    - mites, diskoerse, verkeerde gesindhede en diskriminerende optrede binne ons gemeentes en gemeenskappe af te breek;
    - gemeentes plekke te maak waar almal welkom en geborge sal voel om vrylik, sonder vrees vir veroordeling, hulle Christenskap uit te leef;

3. Ons wil die verspreiding van MIV bekamp deur die bou van Bybelse morele waardes ten opsigte van seksuele gedrag. Gevolglik:
    - roep ons almal op om mekaar binne hul verhoudinge te respekteer;
    - roep ons egpare op om getrou aan mekaar as lewensmaats te bly;
    - roep ons ouers op om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van opvoeding oor verhoudings- en seksualiteit van hulle kinders na te kom;
    - roep ons opvoerders op om in hulle omvattende opvoedingstaak, kinders en jongmense te wys op die waarde van 'n gesonde en morele lewenswyse;
    - roep ons almal op om veiliger en verantwoordelike seksuele praktyke te beoefen.

4. Ons wil die omstandighede wat die vinnige verspreiding van die MIV infeksie aanwakker, teenwerk. Ons wil alles in ons vermoë doen om:
    - die gesinslewe van ons lidmate, geskoei op Bybelse beginsels te versterk;
    - armoede, alkohol- en dwelmmisbruik te bekamp;
    - alle vorme van seksuele geweld en verkragting te veroordeel en 'n kultuur waarin mense mekaar respekteer te help skep;
    - korrekte en volledige inligting oor MIV beskikbaar te stel;
    - vrywillige toetsing vir MIV aan te moedig en geleenthede vir toetsing te fasiliteer;
    - groter bewusheid en sensitiwiteit te skep vir stigmatisering en veroordeling van mense met MIV en dit teen te werk;
    - mense aan te moedig om veiliger seks te beoefen.

5. Ons verklaar dat ons in hierdie belangrike saak samewerking en vennootskappe met die owerheid en ander relevante rolspelers soek en ondersteun.

DIACONIA Gee van jouself

CABSA